



In hierdie uitgawe:

- ◆ *Woord deur die Voorsitter* p1
- ◆ *Ou simbole gaan nie vandag se probleme oplos nie* p3
- ◆ *Korrupsie - Hoe die ANC teen die NP opweeg* p4
- ◆ *Is die ABO vandag nog relevant* p8
- ◆ *Afrikaners moet getel word* p12
- ◆ *#StopSkolekaping - Reageer op Wysigingswetsontwerp* p14

Woord deur die voorsitter

*Deur Jaco Schoeman
Voorsitter van die Nasionale raad*

Ek was bevoorreg om op 31 Oktober 2017 in Pretoria deel te wees van 'n FAK leiersgesprek. Tydens die gesprek kon ons as lede van verskillende organisasies weer met mekaar skouer skuur, weer besin oor sake van aktuele belang en saam aksies oorweeg wat vir die afsienbare toekoms beplan word. Aan die einde van die gesprek is 'n Wildepruimboom geplant om die 500-jaar Reformasie te herdenk en is 'n gedenkplaat ook onthul, waarop die AB se logo, saam met die ander organisasies verskyn.

Dieselfde reformasie het gelei tot die protestantse ontwaking waarvan ons almal deel is. Oor die betekenis van die woord (Protestant skryf die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) "(1) *Algemene naam vir 'n lid van die Christelike kerk wat uit die Hervorming van die 16de ontstaan het (2) Elkeen van die Lutherse vorste en stede wat protes aangeteken het teen die besluite van die Ryksdag te Spiers (1529)*"

By hoeveel sulke bome het ons nie al in die verlede vol hoop en verwagting gestaan nie? Ons almal het dan seker ook gedink om oor 'n jaar, 5 of 10 weer by die boom te staan en te kyk hoe die boom die voorreg van lewe aangegryp het. Indien daar nie menslike ingryping is nie, is die kans dat die boom, met die regte versorging, sal groei en sal die vrug of koelte van die boom deur nageslagte benut kan word. Menslike ingryping is seker die ding wat die meeste beteken vir ons eie toekoms. Die goed en die sleg daarvan.

Dit is egter ook barbaarse menslike ingryping wat lei tot moord en doodslag en oneindige hartseer. Dit is wat massas mense bymekaar getrek het om op verskeie plekke in die land bymekaar te kom en 'n stem van redelike en gematigde protes aan te teken. (Elders in die nuusbrieff skryf die hoofsekretaris oor die vertoon van ou vlage)

Ons was dus almal in die ware sin van die woord protestante op 30 Oktober met swart kleredrag en ook die wat deelgeneem het aan die proteste regoor die land. Ek het verskeie berigte gekry van mense se belewenis van die dag. Van 'n ou vriend (bekende in politieke kringe) uit Piet Retief wat aangegryp was deur die gebeure waarteen soveel mense geprotesteer het. Br Andries Domburg skryf per WhatsApp boodskap van Klapmuts in die Kaap "Hier is wit, swart en bruin. Voor my het 'n swart
(Vervolg op p2)



Woord deur die Voorsitter (verv)

man gehuil terwyl 'n wit vrou haar arm om hom sit en vertroos. Ek kon geen haatgevoel by die mense bespeur wat dit organiseer nie. Hulle is dit eens dat ons na God moet keer om ons land te red. Die byeenkoms is verseker nie om enige tweespalt of geweld aan te vuur nie. Daar het ook 'n ou plaaswerker 'n gebed gedoen. So mooi.”

Om voluit te kan lewe is deesdae 'n uitdaging. Soveel te meer vir ons boere wat in veraf landelike gebiede woon en werk. Die falende staat in Suid-Afrika het benewens ooglopende en staatsondersteunde korrupsie vele ander dimensies in die laaste paar jaar gekry. Staatsmag (met inbegrip van regerings en regime magte) word aangewend om persoonlike belang te beskerm en te bevorder deur praktyke soos ondermyning van politieke instellings, korrupsie, omkoperij, nepotisme, aanstelling van vriende en lojale kaders en begunstiging. Betrokkenheid by misdaad kan ook nie meer misken word nie. Vir die suksesvolle voortbestaan van 'n demokratiese bestel hou hierdie toedrag van sake ernstige implikasies in. Daar kan met groot sekerheid gesê word dat wetsongehoorsaamheid, misdaad en sistemiese korrupsie in Suid-Afrika nie daadwerklik bekamp word nie. Dit bewys die onlangse misdaadstatistieke wat onlangs uitgereik is.

Staatsmag (met inbegrip van regerings en regime magte) word aangewend om persoonlike belang te beskerm en te bevorder deur praktyke soos ondermyning van politieke instellings, korrupsie, omkoperij, nepotisme, aanstelling van vriende en lojale kaders en begunstiging.

In reaksie op die statistieke moet gedeeltes van die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) se omvattende reaksie verder beklemtoon word. “President Jacob Zuma se presidentskap het gelei tot 'n ongekende agteruitgang in polisiëring en het 'n merkbare afname in openbare veiligheid tot gevolg gehad.” Maar meer nog die ISS maak dan die stelling “die wortel van die misdaad en die krisis in die polisie in Suid-Afrika is die versuim van die president om 'n hoogs ervare vrou of man van integriteit as Nasionale Kommissaris van die SAPD aan te stel.”

Die kort en die lank van die bogenoemde standpunte is eenvoudig. Die ANC en mnr Zuma by name moet volle verantwoordelikheid neem vir die vlag van misdaad wat Suid-Afrika tans teister. Dit kan nie anders beskryf word as op die vlakke van 'n lae intensiteit misdaadoorloog nie.

In die nuwe demokratiese bedeling was daar nog nooit so 'n ernstige vertrouensbreuk soos wat daar tans tussen die SAPD en die publiek is nie. Die ernstige spanning soos wat tans in die SAPD se afwesige leierskap voorkom met beweringe en werklike gevalle van wanbestuur, bedrog en korrupsie kan ook nie goed wees vir die moraal van die polisie wat as die bewaker van ons samelewing moet optree nie.

In 'n samelewing wat geteister word deur misdaad en korrupsie het die publiek vertroue verloor in 'n polisie-diens wat self inherent korrupt is en self aandadig is aan ernstige misdaad. Die stelling moet onmiddellik gekwalifiseer word want die meeste lede van die SAPD is na ons mening nog getrou aan die edele ideale van die SAPD.

In 'n samelewing wat geteister word deur misdaad en korrupsie het die publiek vertroue verloor in 'n polisie-diens wat self inherent korrupt is en self aandadig is aan ernstige misdaad.

Daarom moet ons ons stem voeg by die uiterste kommer oor die vlag van plaasaanvalle. Dit kan nie nou meer net as deel van misdaad afgemaak word nie. Daar is ander faktore wat ook 'n rol begin speel. Die regering verkeer in konflik met homself met dualistiese standpunte en optrede. Aan die een kant neem hy lustig deel aan haatspraak en opruiende standpunte maar is uiters selektief in optrede in misdaadverwante voorvalle.

Daarom moet die huidige emosie rondom plaasaanvalle verstaan word. Mense voel weerloos en uitgelewer aan bose elemente met min of geen optrede nie. Dit mag egter nooit lei tot 'n vigilante situasie waar reg in eie hande geneem word nie, ook nie in 'n stelsel waar die staat sy burgers faal nie.

Die landelike gemeenskap, boere en werkers en inderdaad elke Suid-Afrikaner verdien beskerming teen die huidige moorde en misdade. Dit is een van die basiese funksies van enige regering. Dit gebeur egter nie. Vir die korttermyn is dit duidelik dat min of geen hulp van die regering afkomstig kan wees nie. In stede van die fokus op openbare veiligheid is die leiers in regering se fokus op eie korttermyn politieke oorlewing.

(Vervolg op p3)

Woord deur die Voorsitter (verv)

Dit is duidelik 'n situasie wat nie langer toegelaat kan word om so voort te gaan nie. Die rol van die burgerlike samelewing sal groter en meer intens moet begin raak. Hulpbronne sal saamgevoeg moet word, kundigheid in verskillende samelewings en organisasies sal saamgespan moet word om met vernuf mee te werk aan oplossings. Die SAPD kan hoogstens 'n vennoot wees maar kan nie meer vertrou word met sy eie kernfunksies nie. Om dus sinvol te kan deelneem aan die soeke na oplossings en die probleem in diepte te ondersoek het die Afrikanerbond wat optree as die Sekretariaat van die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte, reeds 'n dringende vergadering van rolspelers, belangegroeppe en kundige individue in die burgerlike samelewing belê vir Dinsdag 7 November 2017 in Pretoria. Ons hoop om tydens die geleentheid wat onder andere fokus op landelike veiligheid met sinvolle voorstelle vorendag te kom. Dit word gedoen om die burgerlike samelewing meer weerbaar te maak in 'n tyd van weerloosheid en om die staat verantwoordbaar te maak in die nakoming van een van sy basiese funksies en om plaasaanvalle uit te lig as prioriteit.

Ons moet protesteer teen die misdaad en die omvang daarvan. Dit affekteer wit en swart, arm en ryk. Maar ons kan nie net protesteer nie. Ons sal moet dink en ons sal moet beplan en meer belangrik, elkeen van ons moet persoonlike verantwoordelikheid neem vir ons huise en ons families. Omstandighede in 2017 vereis dit van elkeen van ons. Die reg op lewe bly hol woorde in die grondwet. Omstandighede dwing ons om self daardie reg op te neem en te beskerm. Die staat gaan dit nie vir ons doen nie. ❖

Vandag se probleme nie opgelos met ou simbole nie

Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

“Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra, Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?”

Hoeveel keer is die Vlaglied nie gesing as die Oranje-Blanje-Blou in die verlede gehys is nie? Hoeveel keer het die vlag nie gewapper by amptelike byeenkomste van vorige regerings, militêre geleenthede en in elke skool en staatsgebou in die ou Suid-Afrika nie. Van hierdie vlag is afskeid geneem met die aanvaarding van die nuwe vlag in 1994. Dit was met groot heimwee en nostalgie, want hoeveel het die vlag nie vir ons beteken nie. Dit was 'n simbool van 'n tyd van orde en stabiliteit, van die beskerming van ons grense, en hoeveel tranes is nie gestort op die vlag as geliefdes op die grens gesneuwel het, juis vir die behoud van die simboliek van die vlag nie.

Gebaseer op die Nederlandse Prinsevlag, het die vlag wat in 1928 bekendgestel is, ook die Union Jack, die vlag van die Vrystaatse Republiek en die vlag van die Zuid-Afrikaanse Republiek in die middel gesentreer op die wit baan bevat. Maar die vlag, ten spyte van sentimente, is weggebêre en geniet nie meer enige status nie. Dit is in 1994 vervang deur die huidige vlag van Suid-Afrika met die aanvang van die RSA se oorgangsgrondwet en die einde van apartheid.

Soos pas weer gesien met die protes teen misdaad, is die ou vlae nog steeds kontroversieel. Sommige mense beskou dit as 'n simbool van geskiedenis en Afrikaner-erfenis, terwyl ander dit as 'n simbool van apartheid en van wit oppergesag beskou. Daarvoor moet begrip wees. In Desember 2009 bring Kommissaris Bheki Cele, nasionale polisiehoof, besoek aan Metrorail in Durban. Sy aandag word gevestig op 'n ou landsvlag wat op 'n lessenaar in iemand se kantoor staan en met onsteltnis gee hy opdrag dat dit verwyder moet word. Daar is selfs sprake van dissiplinêre stappe. Dit ten spyte van die feit dat die huidige vlag groot teen die muur in die kantoor gemonteer was. Net so is daar 'n groot openbare geraas as iemand die ou landsvlag op enige byeenkoms rondswaai. Alhoewel die gebruik van die vlag nie verban is, of selfs deur wetgewing verbied is nie, is daar voortdurend pogings om deur propaganda die gebruik daarvan te probeer kriminaliseer en selfs aan internasionale terreur en hoogverraad te koppel.

Die kleure en ontwerp van die nasionale vlag van Suid-Afrika word omskryf in Bylae 1 Van die SA Grondwet. Dit is dus die amptelike vlag van Suid-Afrika en geniet as sodanig die status van 'n amptelike vlag. Die nasionale vlag is ontwerp deur Fred Brownell, staatsheraldikus, en die vlag is die eerste keer op 27 April 1994 in (Vervolg op p4)

Vandag se probleme nie opgelos met ou simbole nie (verv)

gebruik geneem. Volgens Brownell sluit die ontwerp al die gewildste kleure in vir vlage in Suid-Afrika. Individuele kleure of kleurkombinasies het egter verskillende betekenisse vir verskillende mense en derhalwe moet geen universele simboliek geheg word aan enige van die kleure in die vlag nie. Dit is belangrik om hierop te let want sommige skoolhandboeke ken wel sekere simboliek toe aan die kleure van die vlag. Dit is eenvoudig misleidend.

Mnr Nelson Mandela skryf in die voorwoord tot die publikasie Nasionale Simbole van Suid-Afrika “*Die Nasionale Volksliedere Nkosi Sikelel 'iAfrika en Die Stem van Suid-Afrika, die Nasionale Wapen en die Nasionale Vlag is die manifestasie van 'n begeerte om nasionale konsensus te bereik.*” Hoe gou vergeet ons nie van die afgrond waar ons in 1994 gestaan het nie? Deur realisme is die ongekende aangedurf. Ons vergeet altyd gerieflikheidshalwe dat 1994 en dit wat daarop gevolg het 'n groot historiese kompromie was. Ons grondwet, nasionale vlag en volkslied is van die min gedeelde erfenisse en het hulle beslag gekry uit 'n geskiedkundige proses van kompromie en onderhandelinge wat gevolg het na 'n tyd van groot historiese verdeeldheid en vyandigheid. Geen party het alles behaal wat hulle wou hê nie. Dit was 'n kwessie van neem en gee. Ons kan in 2017 anders kyk en met die wetenskap van terugblik, kan ander gevolgtrekkings gemaak word, maar dinge is gedoen en onderhandel in die gees van daardie tyd.

Die misdaad van 2017 gebeur onder die huidige vlag en dit is onder dié landsvlag wat die probleme aangespreek en opgelos moet word.

Dit is nou 23 jaar later. Maandag 30 Oktober 2017 was 'n dag van protes teen misdaad. Dit het 'n klomp Suid-Afrikaners verenig om standpunt in te neem teen misdaad, ook plaasmoorde. Die dag en ook toekomstige proteste, is nie die plek om met ou vlage te paradeer nie. Ten spyte van versoeke om nie ou simbole te vertoon nie, het sommige heethoofde nog steeds die ou vlage vertoon en rondgeswaai. Die effek daarvan was soos 'n rooi vlag vir 'n bul. Die historiese reaksie daarop het tot 'n mate die doel van die protes oorskadu. Politici en withaters het die geleentheid aangryp vir propaganda. Sommige joernaliste met hulle eie agenda het lustig deelgeneem aan fopnuus en selfs foto's van vlagverbrandery van 'n paar jaar gelede is as nuuswaardig opgedis. Almal word weer oor dieselfde kam geskeer en word ons almal uitgeskel as rassiste wat hunker na die verlede en na apartheid. Die absolute handvol wat met ou simboliese vlage rondgeswaai het of op T-Hemde gedra het, het dalk gekry wat hulle in hulle eng beskouing gesoek het, naamlik aandag. Vir hulle was die doel van die dag en die bietjie goeie wil wat daar in die land teenoor mekaar is nie belangrik nie. Ironies genoeg ondergrawe hulle hulle eie doelwitte, want hulle koppel die misdaad van 2017 aan die ou vlag wat hulle rondswaai. Vandag se probleme sal nie met vorige bedelings se vlage en simbole opgelos word nie. Die misdaad van 2017 gebeur onder die huidige vlag en dit is onder dié landsvlag wat die probleme aangespreek en opgelos moet word.

Om 'n wit Suid-Afrikaner te wees beteken dat ons aksies en optrede met arendsoë dopgehou word. Dit verg dus nog meer verantwoordelikheid en nog meer deurdagte en volwasse optrede. Dit verg ook 'n gesindheid van ruimte en begrip, van respek en verantwoordelikheid. Dit is ons bydrae in die trots op die Suid-Afrikaanse diversiteit, al is ons almal deesdae skaamkwaad Suid-Afrikaners. Suid-Afrika sit tans op 'n kruisvat wat deur politici gestook word. Wit Suid-Afrikaners moet nie met vonke naby die kruisvat speel nie, al word ons hoe uitgelok. So 'n vonk is die vertoon van ou simbole. ❖

Korrupsie - Hoe die ANC teen die NP opweeg

Deur Ed Herbst

Die onderstaande artikel deur die veteraan SAUK joernalis Ed Herbst het onlangs op Biznews verskyn. Die artikel is onder ons aandag gebring en met die vriendelike goedkeuring van Ed Herbst en die instemming van Biznews het ons die artikel na Afrikaans laat vertaal.

Teen 'n agtergrond van 49 jaar waarin hy reeds die storie van Suid-Afrika vertel, maak Ed Herbst boeiende vergelykings en waarnemings oor korrupsie en dienslewering voor en na 1994 wat nie juis die huidige regerende party met ongeskonde eer uit die storie laat tree nie. Die woord 'skandalig' en ook Hamlet se beroemde woorde dat 'iets nie pluis in Denemarke is nie' skiet mens dadelik te binne. Herbst kies die gewone temas wat sowel die vorige as die huidige bewind omskryf, gebruik konkrete voorbeelde om te wys wat hulle van mekaar onderskei en spaar hulle nie die hoon en minagting wat hulle wel deeglik verdien nie. Die trefreël is egter die feit dat die Nasionale Party nooit naby die huidige skaal van buitensporige en grootskaalse korrupsie kom nie.

(Vervolg op p5)

Korrupsie - Hoe die ANC teen die NP opweeg (verv)

Wat dienslewering betref is die vaardigheids- en bekwaamheidsvlakke ook nie te vergelyke nie. Dan is daar natuurlik die grootste gunsteling van alle tye: toerekeningsvatbaarheid of aanspreeklikheid. Herbst verskaf voorbeelde van swendelary wat ongestraf gelaat is wat mens laat wonder presies wat nodig gaan wees om

Ter viering van die demokrasie wat die vorige bewind vervang het, moet ons nie die onderstroom wat op die hakke daarvan gevolg het, uit die oog verloor nie: die hebsug en inhaligheid van openbare figure en die totale gebrek aan gevolge vir die toonaangewende oortreders

ons tot ons sinne te ruk. Dit het my laat besef hoe noodsaaklik institusionele kennis is om 'n gebalanseerde prentjie van ons huidige situasie te kry. Die onervare, jeugdige kommentators in die wêreld om ons wat nie geneig is om dinge te bevraagteken nie, maak dit veel enger en kleiner, en ons is dankbaar vir die perspektief wat Herbst hier verskaf. (Biznews)

Die NP het 'n politieke stelsel bevorder en beoefen wat hierdie land onderdruk en geskend het, en sy sekuriteitstrukture het veel slegter gevaar. Maar hulle was nie so vergewendgesind teenoor hul eie lede wat openbare posisies vir persoonlike gewin uitgebuit het nie. En praat van iets deur die vingers

sien – hulle het glad nie ingemeng toe die departemente van justisie en korrektiewe dienste hul lede (van wie sommige baie vooraanstaande was) aangekla en vervolgd het nie. Ons hoef nouliks oor die verlies van daardie politieke stelsel te treur. Maar ter viering van die demokrasie wat die vorige bewind vervang het, moet ons nie die onderstroom wat op die hakke daarvan gevolg het, uit die oog verloor nie: die hebsug en inhaligheid van openbare figure en die totale gebrek aan gevolge vir die toonaangewende oortreders. Indien hierdie kwelsake nie aangespreek word nie, mag dit dalk binnekort die staatskip laat sink. **Tony Leon Business Day 20/8/2013**

Na 'n praatjie wat ek in Kaapstad gelewer het en waarin ek gepoog het om korrupsie in die Nasionale Party met korrupsie in ANC te vergelyk, is ek deur Dave Steward (FW De Klerk Stigting) genader. Hy het gemeld dat hy in die 30 jaar as staatsamptenaar in die tyd van die Nasionale Party, nooit enige omkoopgeld aangebied is nie. Hy het iets soortgelyks in 'n brief aan die *Business Day* in 2013 gemeld: *Ek kan nie dink aan enige kabinetsminister of direkteurs-generaal wat as ryk mense afgetree nie – beslis nie op die skaal wat ons hedendaags sien nie.*

Hierdie praatjie is op my persoonlike en subjektiewe waarnemings gebaseer wat ek oor 'n tydperk van 49 jaar as joernalis opgedoen het.

In hoofsaak glo ek, reg of verkeerd, dat korrupsie gedurende die NP se era langtermyn was... waar binnekringligting gebaseer is op regering befondsde projekte wat vir geldelike voordeel vir 'n paar jaar in die toekoms sou sorg. Die regering se aankondiging in die laat sestigerjare dat 'n staalfabriek by Newcastle gebou sou word, kan as voorbeeld gebruik word. Ek het my koerantloopbaan as fotograaf by die *Natal Witness* in 1968 begin, en hierdie storie het begin toe ek twee jaar later gestuur is om 'n wenk op te volg oor die bou van die Yskor-smeltery in Newcastle (wat nou deur ArcelorMittal bestuur word).

Op daardie tydstip is swart mense ingevolge die werkreserveringswette nie toegelaat om as messelaars te werk nie. Dit het 'n probleem vir Yskor veroorsaak want daar was nie genoeg wit messelaars om die fabriek en die huise vir die personeel te bou nie. Die probleem is opgelos deur swart messelaars in diens te neem, maar hulle het tuintroffels of grafies wat plat geslaan is, ontvang om mee te werk. Weens die feit dat hulle nie konvensionele messelaarsgereedskap gebruik het nie, het hulle dus in 'n tegniese sin (volgens 'n rasionaal van die NP wat in eietydse politieke drogredenasies gekleur is) sodoende kwansuis nie as messelaars gekwalifiseer nie. Ek het myself toe in 'n situasie bevind waar ek in die lang gras op die grens van die bouverseel met 'n telefoto-lens lê om swart messelaars af te neem wat platgeslane tuintroffels in plaas van regte pleistertreffels gebruik!

Ek kan nie dink aan enige kabinetsminister of direkteurs-generaal wat as ryk mense afgetree nie – beslis nie op die skaal wat ons hedendaags sien nie.

Die Nasionale Party het besluit om Newcastle se Yskor in Mei 1969 te bou, en produksie het in 1971 begin. Gedurende my besoek daar, het inwoners van Newcastle aan my vertel dat vreemde mense vóór die aankondiging dat Yskor die smeltery sou bou, begin het om eiendomme in die dorp teen buitengewone goeie pryse op te koop. Toe die aankondiging gemaak is, het die inwoners besef dat hulle om die bos gelei is.

(Vervolg op p6)

Korrupsie - Hoe die ANC teen die NP opweeg (verv)

Die Hitachi-skelmstreek

Daar is later ontdek dat die eiendomkopers werknemers van 'n maatskappy was wat verskeie NP-ministers op sy raad gehad het en dat daardie maatskappy deeglik voordeel uit die truuk getrek het – nogal in dieselfde trant as hoe Chancellor House dekades later voordeel uit die Hitachi-stoomketel-truuk by Medupi getrek het.

Toe daar in die sewentigerjare aangekondig is dat 'n lughawe vir die Lugmag by Hoedspruit gebou sou word, is ek meegedeel dat die plase wat die staat vir hierdie doel sou gebruik verskeie jare tevore reeds opgekoop is deur mense met militêre konneksies. Ek het ook verneem dat dieselfde beginsel gegeld het ten opsigte van eiendomme rondom Jozini-dam.

Natuurlik is dit alles gerugte wat op hoorsê berus, maar sonder twyfel was enige korrupsie op munisipale regeringsvlak en ten opsigte van ondernemings in staatsbesit tydens die NP-era bykans van nul en gener waarde vergeleke met dit wat sedert 1994 gebeur het, en wat tans aan die gang is nie.

Huidiglik is die korrupsie op munisipale vlak deurdringend en sistemies – iets wat nooit tydens die NP-era die geval was nie.

Deurdringende korrupsie

Huidiglik is die korrupsie op munisipale vlak deurdringend en sistemies – iets wat nooit tydens die NP-era die geval was nie. Die plundering van meer as R2 miljard tussen 2003 en 2006 – toe die ANC in beheer van Kaapstad Munisipaliteit was – deur middel van tenderswendelarye soos Big Bay, Jewellery City, N2 Gateway, Thubelisha Homes en BTH Construction was weergaloos en het slegs tot 'n einde gekom toe die mense van Kaapstad besluit het om van die ANC-skelmstreek deur middel van die stembus ontslae te raak. Soortgelyke plundering deur die ANC het op provinsiale vlak in die Wes-Kaap plaasgevind, tot die heftige afkeer van enkele ANC-LUK's.

In munisipaliteite soos Johannesburg is DA-politici soos Herman Mashaba nou besig om die sluier te lig oor die buitengewone omvang van korrupsie wat vir twee dekades onder die skelm-tot-op-die-been skeppers van Afrika se nuutste kleptokrasie plaasgevind het. 'n Artikel op die webblad van *BusinessTech* dui aan dat 19 van die swaksgeadministreerde munisipaliteite in Suid-Afrika deur 'Lootfully House' [n woordspeling op Lutuli House] beheer word; daarenteen word nege uit die tien besbestuurde munisipaliteite deur die DA beheer.

Daar is verskillende maniere waarop die korrupsie van toe, met die van nou, gemeet kan word ten opsigte van die gevolge daarvan, veral vir die armes. In hierdie geval kan Eskom as 'n nuttige voorbeeld gebruik word.

Vergelyk bloot maar PW Botha se nederige huis "Die Anker" wat hy met 'n banklening gekoop en oor dekades soos ons almal afbetaal het, met "Nkandla".

Tydens die sestigerjare het die NP-regering kragstasies soos Taaibos, Highveld, Komati, Camden, Hendrina, Grootvlei en Kriel, betyds en binne die begrotings gebou.

Eskom en die ANC se korrupsie

Vergelyk dit met Medupi. Werk het hier in 2008 begin en die laaste van ses turbines was veronderstel om reeds in 2015 in werking te wees – dit lyk nou of dit eers in 2021 sal plaasvind. Beraamde koste in 2008 was R69 miljard – dit is nou reeds meer as R200 miljard.

Daar was nie grootskaalse kragonderbrekings voor 1994 nie – selfs Ben Ngubane, Brian Molefe, Matshela Koko, Anoj Singh (en al hul grootmondvoorgangers) sal dit moet toegee. Onder die NP-regering was treine altyd betyds en is nie gereeld aan die brand gesteek nie. Toe het ons wel die Spoorwegpolisie as 'n spesialisafdeling van die SAPD gehad, maar ons het nie die ongebruikte GKTV-tegnologie wat nou tot die ANC se beskikking is, gehad nie. Wie trek voordeel uit enige sabotasie van treine buiten die taxibedryf? En waarom word die misdadigers wat daarvoor verantwoordelik was, nooit gevang nie?

Kom ons kyk na 'n ander toe-en-nou-maatstaf – presidensiële wonings. Vergelyk bloot maar PW Botha se nederige huis "Die Anker" wat hy met 'n banklening gekoop en oor dekades soos ons almal afbetaal het, met "Nkandla".

(Vervolg op p7)

Korrupsie - Hoe die ANC teen die NP opweeg (verv)

ANC-vroue

Wat van die vroue? Ek is nie bewus van enige NP-politikus se vrou wat ooit vervolg of tronk toe is nie. Onder die ANC het ons in 2011 vir Sheryl Cwele, die vrou van die voormalige minister van Staatsveiligheid, Siyabonga Cwele, gehad wat vir 12 jaar tronk toe is vir dwelmsmokkelary, en in 2014 het Portia Sizane, vrou van Stone,

Wendy Luhabe en Mamphela Ramphela was die eerstes wat gesê het dat die onderwys onder die apartheidsregering van hoër gehalte was.

ne, die voormalige hoofswep van die ANC en tans ambassadeur in Duitsland, voor die hof verskyn op 16 aanklagtes van bedrog en 15 van geldwassery wat gekoppel is aan 'n spookonderwyserskelmspul. En gepraat van dwelmsmokkelary, ek kan nie dink aan enige gevonnisd dwelmandelaar wat in die diplomatieke diens was tydens die NP-eranie.

Kom ons gesels oor onderwys

Wendy Luhabe en Mamphela Ramphela was die eerstes wat gesê het dat die onderwys onder die apartheidsregering van hoër gehalte was – sentimente waarmee die Wits-akademies, Rabelani Dagada, heelhartig saamstem. Die Nasionale Party het egter nie nodig gehad om met SADTU rekening te hou nie, en hulle het ook nie nodig gehad om die soort onderwyswerksetiek in ag te neem waarvoor nóg die ANC nóg SADTU enigins bedenkinge het nie.

As verslaggewer het ek universiteitsbetogings teen die etniese uitsluitingsbeleide in Pietermaritzburg en Kaapstad in die sewentiger- en tagtigerjare gedek, maar geen eiendom is beskadig en geen pogings is tydens enige betoging aangewend om mense om die lewe te bring nie. Dit alles het verander, en vorm deel van die ANC se 'goeie storie om te vertel'.

Nog 'n nuttige toe-en-nou-vergelyking oor korrupsie is die groot skandale wat die Nasionale Party en die ANC onderskeidelik tydens hulle bewinde geskud het. Vir die Natta was dit die Inligtingskandale wat politieke loopbane van John Vorster en Connie Mulder beëindig het. Eschel Rhoodie en sy maters het heerlik partytjie gehou, maar daar is geen bewyse dat hulle of enige van die politici omkoopgeld aanvaar het nie. Geen politieke loopbane is beëindig deur die Wapentransaksie openbarings nie, en baie mense soos Joe Modise en Fana Hlongwane het baie goed vir hulself gedoen uit daardie gruwelike skandale – met die volle ondersteuning van die ANC (wat dit allermins 'n verrassing maak). Hierbenewens kan ek aan geen ekwivalente vir Schabir Shaik of die Gupta's dink tydens die Nasionale Party se bewind nie.

Die ANC se moordvelde

Daar is ook geen bewyse dat lede van die Nasionale Party huurmoorde-naars gekry het om mede-politici in hul eie party te vermoor wie se poste of toegang tot tenders hulle begeer het nie. Onder die ANC-regering en in KZN alleen, is 60 mense vermoedelik reeds in politieke moorde tussen April 2014 en Augustus 2016 uitgewis. Sodanige moorde het so alledaags – bykans weekliks – geword dat 'n ondersoekkommissie gestig is om ondersoek in te stel oor waarom die misdadigers nooit gevang word nie.

Onder die ANC-regering en in KZN alleen, is 60 mense vermoedelik reeds in politieke moorde tussen April 2014 en Augustus 2016 uitgewis.

Dalk het die staat op alle vlakke beter onder die Nasionale Party gevaar:

- 1), omdat daar minder korrupsie was, en
- 2), omdat staatsamptenare, in 'n era voor kaderontplooiing, beter akademies toegerus was en 'n toepaslike werksetiek gehad het – iets wat tans skaars bestaan. In hierdie verband verskaf Jacob Dlamini nuttige insigte oor die era van die Nasionale Party in sy boek *Native Nostalgia*.

In 2006, het Tito Mboweni sy Afrikaanse personeel by die Reserwebank soos volg geprys:

Ek het probeer om baie bekwame swart mense in diens te neem, maar kort nadat ons hulle in diens geneem en opgelei het, dan bedank hulle. Ek word so ontstel... Ek stop nou enige werwing van swart mense. Ek is oukei met die Afrikaners. Hulle bly aan en doen die werk, en word kundiges.

Soos Tony Leon hierbo in die inleidende aanhaling tot hierdie artikel uitwys, 'n ander ingesteldheid was in die Nasionale Party in swang as wat huidiglik in die ANC heers.

- Die Natta het hul misdadigers soos Pietie du Plessis en Hennie van der Walt in die tronk gestop
- Hul misdadigers het hulle volle vonnisse uitgedien
- Hulle het nie vir hul misdadigers 'n heldevaarwel gereël toe hulle tronk toe is nie – dink hier aan Alan Boesak en Tony Yengeni
- Hulle het nie vir korrupte politici van die Nasionale Party staatsbegrafnisse gereël wat lewendig vir bykans twee en 'n half uur deur die SAUK uitgesaai is, soos met Sicelo Shiceka die geval was nie

(Vervolg op p8)

Korrupsie - Hoe die ANC teen die NP opweeg (verv)

- Hulle het buite-egtelike verhoudings afgekeur wat, vir die ANC, bykans 'n verpligte item op jou CV moet wees
- Ek is nie bewus van enige politikus van die Nasionale Party wat van seksuele teistering aangekla is nie – nog 'n herhalende tema oor dekades in die annale van die ANC.

Waarom kan ons hierdie verskil toeskryf? Ten opsigte van die Nasionale Party sou ek sê dat die NG-predikante en hul Calvinistiese etos 'n groot rol gespeel het.

Maak die land onregeerbaar

Ten opsigte van die ANC is dit my subjektiewe waarneming dat, nadat die ANC in ballingskap 'n beroep op hul lede in Suid-Afrika gedoen het om nie vir dienste soos elektrisiteit te betaal nie en om die land onregeerbaar te maak. Verder, die Wapentransaksie en die daaropvolgende “Sleaze tsoenami” het nie bygedra om 'n kultuur van etiese onkreukbaarheid onder dié wat nou in die ‘getransformeerde’ openbare sektor werk, in te skerp nie.

Die Wapentransaksie en die daaropvolgende “Sleaze tsoenami” het nie bygedra om 'n kultuur van etiese onkreukbaarheid onder dié wat nou in die ‘getransformeerde’ openbare sektor werk, in te skerp nie.

Terloops, die beste wat die Nasionale Party vorendag mee kon kom om witvoetjie by despote te soek, was Alfredo Stroessner. Nou, onder die ANC se ‘Demokrasie vir Despote’ is daar te veel om van te kies – vra gerus vir Omar Al-Bashir, hy sal dit beaam!

In April 2014 het die Premier van Nieu-Suid Wallis, Barry O’Farrell, bedank nadat dit aan die lig gekom het dat hy nie 'n geskenk verklaar het nie – 'n bottel wyn. En, twee jaar later, in Brittanje, het David Cameron bedank nadat die Brexit-referendum teen sy party geboemerang het. Hoe lank gaan dit duur voordat ons sulke waardes ervaar, hoe lank voordat die norme en sedes, die wigte en teenwigte wat in gevorderde demokrasieë soos die VSA, Brittanje, Frankryk, Skandinawië, Australië en Nieu-Seeland bestaan, hier alomteenwoordig word, en wat sal dit ons kos om dit moontlik te maak?

Ed Herbst is 'n afgetrede, veteraanjoernalis wat in sy persoonlike hoedanigheid skryf. ❖

Is die ABO vandag nog relevant?

Deur Bertus Steenkamp

Die gesprek oor die verlede verkry weer nuwe momentum. Wie se verlede is soms die vraag? Mag ons oor die wit verlede praat of is dit meer gepas om slegs oor die pyn van die swart verlede te praat? Kan ons iets leer van die Anglo-Boereoorlog en is daar relevansie vir vandag? Bertus Steenkamp het onlangs 'n aanbieding hieroor gedoen en plaas ons graag gedeeltes vanuit die aanbieding.

Die Britse Ryk was teen die einde van die 18de eeu, en met die aanvang van die ABO, 'n wêreldmoondheid en die Britse militêre leiers was oortuig dat die oorlog teen die boere-republieke binne drie maande verby sou wees. Maar volgens Field Marshal Lord Carver was die Britse magte; *about to meet its nemesis in the unlikely form of Dutch farmers from two small republics in Southern Africa.*

Alles in ag geneem was dit 'n bloedige oorlog.

In totaal het bykans 'n driekwart miljoen (720 000) soldate, burgers, rebelle, vrywilligers en swartmense aan die oorlog deelgeneem.

- Die Britse magte het ongeveer 20 500 man verloor (7 382) in aksie en 13 139 aan verskillende siektes).
- Aan Boerekant het ongeveer 7 000 man gesneuwel, terwyl 27 000 vroue en kinders in konsentrasiekampe dood is – in total bykans 35 000 lewens.
- Meer as 7 000 Swart Suid-Afrikaners het gesneuwel,
- Verskeie rebelle en verraaiers is aan beide kante tereggestel,
- Boere krygsgevangenes is in Britse kolonies, soos St Helena aangehou.

Dit was egter na die oorlog waar almal die werklikhede in die gesig moes staar - historici stem saam dat die ABO die draaipunt of katarsis in die Afrikaner se geskiedenis was. En, die vraag bly; hoe het die Afrikaner hierdie ongekende krisis hanteer?

(Vervolg op p9)

Is die ABO vandag nog relevant? (verv)

Situasie na die Vredesluiting

Na die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902) was die situasie 'n skrikwekkende ervaring. Die Boerevolk was verarm, verslae, verslaan, verneder, verskeur en selfs verag. Dit was 'n abnormale situasie, want die meeste Boeregesinne het teruggekeer na meer as 30 000 uitgebrande en gestroopte plaashuise - na plase waar veestapels voor die voet afgemaai is.

Asof dit nie genoeg was nie, het die Britse besettingsmag ook geslaan waar dit vir die meeste van die Boere die seerste gemaak het. Kerke, die heiligdomme van die Afrikaner, is vernietig en onteer – trotse familiebybels uit stoere Afrikanerhuise het nuwe tuistes in Brittanje gekry.

Die Afrikaner was in der waarheid van sy selfrespek en rede vir bestaan gestroop. Die Afrikanerleiers moes besluit om die verslaetheid te aanvaar, of om kop op te tel en vorentoe te kyk. Die vraag is of die Afrikaner oor die intrinsieke krag beskik het om hom in staat te stel om die ABO en ook sy naweë, nie as die einde nie, maar as die omkeer in sy geskiedenis te beleef?

Die meeste Boeregesinne het teruggekeer na meer as 30 000 uitgebrande en gestroopte plaashuise - na plase waar veestapels voor die voet afgemaai is.

UITDAGINGS

Verdeeldheid

Benewens die heropbou van plase en dorpe, was die grootste uitdaging wat die voormalige republikeine moes hanteer, dié van verdeeldheid. Verskeie groeperinge wat enkele maande gelede in 'n bloedige stryd betrokke was, moes nou langs mekaar 'n bestaan vind. Die belangrikste groeperings was:

- **Bittereinders**, wat nog wou aanhou veg;
- **Krygsgevangenes** wat vanuit die uithoeke van die wêreld, teruggekeer het. Hulle het hulle by die Bittereinders geskaar;
- **Vroue, kinders en senior burgers** wat van die konsentrasiekampe na vernielde plase teruggekeer het;
- **Rebelle**, wat as kriminele hanteer was;
- **Hensoppers en Wapen-neerleggers**;
- Groepe wat die Britse oorlogspoging aktief gesteun het. Dit sluit **Joiners, Scouts en Farm- en Townguards** in
- **Kolonialers** wat by die Britse magte aangesluit het, of die Britse oorlogspoging ondersteun het;
- **Swart groepe** wat deur die Britte bewapen en as troepe of verkenners vir hul oorlogspoging gebruik is. Talle het ook opgetree as verkenners en agterryers vir die boere; en
- **Verbitterde familie** van persone wat gedurende die oorlog aan beide kante tereggestel is.

Die houding van die groepe en selfs individue teenoor mekaar het aan haat gegrens. Op 17 Oktober 1902 skryf Eugène Marais in *Land en Volk; De haat is daar, diep alz de see en wyd als God's aarde Wij haten de menschen uit de diepste onzer harten Het is niet mogelijk te vergeven, nog minder te vergeten.* Joiners is onder kerklike tug geplaas en moes hul "sonde" bely voordat hulle weer tot 'n gemeente toegelaat

Swart groepe wat deur die Britte bewapen is, was van mening dat die oorwinnaar wit plase aan hulle sou gee as beloning vir hul ondersteuning.

is. In 1903 het die Nederduits-Hervormde of Gereformeerde Kerk die sonde beskryf as 'n, *sedelike en morele misdryf*. So erg was die verdeeldheid binne kerkgeledere dat 'n *Scoutkerk* met Britse finansiële steun gestig is. Dié kerk het min lidmate getrek en uiteindelik doodgeloop.

Verhouding tussen rasse verhard

Die verhouding tussen rasse het ook deur donker tye gegaan. Wit plase is tydens die oorlog beset. Swart groepe wat deur die Britte bewapen is, was van mening dat die oorwinnaar wit plase aan hulle sou gee as beloning vir hul ondersteuning. Dit het nie gebeur nie, en was waarskynlik 'n bydraende faktor waarom rasseverhoudinge nie by die *Vrede van Vereeniging* aangespreek is nie.

Politieke verdeeldheid

Met verloop van enkele jare is die noodsaaklikheid van samewerking tussen die groeperinge ingesien, let wel, nie noodwendig versoening nie. In 1904 stel Botha dit aan 'n byeenkoms in Pretoria : "Laat ons alles in ons vermoë doen om die breuk te heel; dan sal ons weer heel word. Laat die woorde soos *Hensopper* en (Vervolg op p10)

Is die ABO vandag nog relevant? (verv)

Scout uit ons taal verban word.” ADW Wolmarans het dit verder geneem; “*you must make peace with the joiners and the national scouts and you will get your country back.*”

Die verdeling in Afrikanergeleedere het vir dekades nog 'n rol in die Suid-Afrikaanse samelewing politiek gespeel. Met die uitbreek van Eerste Wêreldoorlog in 1914 het die SA Regering besluit om die geallieerdes se oorlogpoging te steun. Talle bittereinders het egter geglo dat die tyd ryp was om Brittanje te konfronteer en Suid-Afrika onafhanklik te verklaar. 'n Groep, waaronder generaal De Wet het besluit om teen hierdie regeringsbesluit te rebelleer. Die geskiedenis rondom die Rebelle van 1914, die inhegtenisneming van generaal De Wet, die dood van generaal Koos de La Rey, die teregstelling van Jopie Fourie, is bekende historiese feite, maar dit het ongetwyfeld bygedra tot verharding van die verhouding tussen die eertydse militêre leiers.

Bywoners en arm Afrikaners het as ongeskoolde arbeiders na die stede gestroom, maar het min simpatie van die Britse werkgewers gekry.

Dit is interessant dat die gevolge van die ABO nie tot rus wou kom nie. In die Vrystaatse Argief is daar 'n dokumente-bundel met die name van Vrystaatse burgers wat die Britte aktief tydens die ABO ondersteun het. In 1975 is hierdie bundel in opdrag van die Minister van Nasionale Opvoeding gesluit tot die jaar 2000, meer as honderd jaar na aanvang van die ABO.

Verstedeliking en armlankes

'n Groot deel van die oud-republikeine was in der waarheid tot die bedelstand verneder. Sheila Patterson glo dat die ABO *destroyed a whole way of life*. Bywoners en arm Afrikaners het as ongeskoolde arbeiders na die stede gestroom, maar het min simpatie van die Britse werkgewers gekry – intendeel, Milner het meer as 50 000 Chinese arbeiders ingevoer om as werksmag in die myne te dien. Die Engelse pers het gereeld op neerhalende wyse na die armlankes verwys as; *people to whom life has been a mistake*. Leopoldt Scholtz argumenteer dat, teen die jaar 1926, ongeveer die helfte van alle lankes in Suid-Afrika arm was.

Engels as onderrigmedium

Milner se verengelsingsbeleid het die Afrikaner en sy taal op die agtergrond gedruk. Drieduisend Engelse onderwysers is vanuit Engeland die land ingebring en die Afrikaner moes toesien hoe 'n eensydige onderwysbeleid op hul mense afgedwing word. Die erkenning van Hollands en later Afrikaans het een van generaal Hertzog se lewensideale geword.

Hoe het die republikeine die uitdagings hanteer?

Die vraag wat hier sentraal staan, is hoe kon die Afrikaner daarin kon slaag om die oënskynlik onhoudbare verloorsituasie, te verander na dié van 'n wenner. Om kop op te tel, moes die volgende werklikhede aanvaar en verwerk word:

- Republikeine het politieke mag/onafhanklikheid verloor.
- Verdeeldheid wat aan haat grens.
- Beloftes wat tydens Vrede van Vereëning nie aangespreek is, of nie nagekom is nie. Rebelle het eers in 1905 amnestie ontvang.
- Armoede het gepaard gegaan met onstabiliteit en kriminaliteit.

Die Afrikaner moes toesien hoe 'n eensydige onderwysbeleid op hul mense afgedwing word.

· Engels het Hollands as onderrigtaal vervang. Kinders het bykans drie jaar nie onderrig ontvang nie en kon nie Engels verstaan nie.

· Werkloosheid, en

· Rasse spanning

Hierdie realiteite het die Afrikaner gedwing om nuut, vars en anders oor sy toekoms te dink. Dit word letterlik die Renaissance in die Afrikanergeskiedenis.

Rol van die Afrikanervrou

In hierdie proses van herontwaking was dit die Afrikanervrou wat die uitdaging ter harte geneem geneem het. M.E Rothmann verwys na die armlanke- en boervroue as *die sout van die aarde*. Volgens Sheila Patterson: *Women have shown independence from their menfolk on public issues. Acting outside the explicitly political realm, they frequently played an important part in defining Afrikaners as a self-conscious ethnic group in an urban environment and in meeting many of the needs of Afrikaner poor whites*

(Vervolg op p11)

Is die ABO vandag nog relevant? (verv)

Reeds in 1902 het vroue daagliks voedsel aan behoeftige- en weeskinders voorsien. In 1904 stig Annie Botha, die eggenote van generaal Louis Botha en 'n Skotse dame, Georgina Solomon, die *Suid-Afrikaanse Vroue Federasie* (SAVF).

- In 1904/5 begin die SAVF met naaldwerkklasse en 'n sentrum vir ongehude moeders;
- In 1910 word die eerste tehuis vir bejaardes, *Moresig* gestig;
- In 1910 neem die SAVF die inisiatief vir die stigting van die eerste CNO-skool in Transvaal.
- Hierna volg tuisnywerhede, kraamhospitale en jeugtuistes.

So het duisende Afrikanervroue uit alle lae van die bevolking deur middel van hulle aktiewe hulp en onderskraging daarin geslaag om die armes, die weduwee en wese nuwe hoop te gee. Ook 'n wesentlike bydrae is vir oprigting van die Vrouemonument in Bloemfontein gemaak.

Die pers

Die Afrikaner het 'n spreekbuis nodig gehad om hom polities en ekonomies te mobiliseer en as spreekbuis te dien.

- In 1904 word die koerant *Het Westen*, later *Die Volksblad*, eers in Potchefstroom en daarna Bloemfontein gepubliseer.
- *Die Burger* word in die Kaap gepubliseer.
- In 1916 word die eerste uitgawe van *De Huisgenoot* as deel van *Die Burger* gepubliseer. Die doel met *De Huisgenoot* was; om die Afrikanerbevolking te voorsien van inspirasie, inligting en vermaak. *Die Huisgenoot* was in die beginjare 'n belangrike bron van kennis oor Afrikanergeskiedenis en was as die volk se universiteit beskou.

So het duisende Afrikanervroue uit alle lae van die bevolking deur middel van hulle aktiewe hulp en onderskraging daarin geslaag om die armes, die weduwee en wese nuwe hoop te gee.

MEDEVERANTWOORDELIKHEID : Helpmekaarfonds

Verdeeldheid was steeds 'n doring in die vlees. Verder het die SA Regering se hantering van die rebellie, waaronder die tronkstraf van generaal De Wet, die teregstelling van Jopie Fourie en om die rebelle finansiëel aanspreeklik te hou vir goedere wat hulle tydens die Rebelle opgekommandeer het, het Afrikanerleiers genoop om finaal na mekaar te draai. In die Noord- en Oos- Vrystaat het die gedagte ontstaan; om over en weder de een ander bij te staan. So kom die *Helpmekaar Beweging* in 1915 tot stand.

Maar teen die middel van 1917 was dit duidelik dat die rebelle nie die skuld teen die sperdatum van 10 November 1917 (*Afrikanerdag*) sou kon betaal nie, want die rebelle het nog sowat £110 000 geskuld. *Die Burger* het daarop sy lesers uitgenooi om finansiëel tot die fonds by te dra. Op 29 Augustus het mnr Elisa de Villiers van die Paarl hom bereid verklaar om £500,00 te gee as daar oor die hele land nog 500 mense gevind kon word om elk £100,00 te gee. Landwyd het die £100e ingestroom en op Afrikanerdag, 1917 was daar reeds 'n oorskot van £60 000. Binne twee maande is £180 000 ingesamel. Sonder om enigsins in besonderhede in te gaan, word hier onder meer verwys na die stigting van *Santam* en *Sanlam*, *Volkskas Bank Bpk*, die *Broederbond* in 1918 en die *FAK* in 1929.

Hierdie organisasies word letterlik die stutte wat die Afrikaner op ekonomiese, politieke en maatskaplike wyse gedra het in 'n tydperk toe hy soekend en onseker was, toe hy nog getwyfel het aan die leierskap van die mense wat voor geloop het, 'n tyd toe mede-landgenote mekaar nie altyd so maklik verdra het nie.

Gemeenskaplike doelwitte kan op ekonomiese-, sosiale en maatskaplike terreine oor politieke verskille en rasgrense heen nagestreef word.

Samevatting

Die ABO kan as die die Renaissance in die Afrikanergeskiedenis gesien word. Daar moes nuut oor die wel en weë van die Afrikaner gedink word. Die ekonomie het van 'n oorwegend boerdery gemeenskap verander na 'n gemengde ekonomie, waar industrialisasie en mynwyse 'n rol gespeel het.

Met die meerdere kennis van 'n terugblik (hindsight), en met die oog op die toekoms, kan ons leer dat :

- 'n Verlore militêre stryd waarin 'n volk in elke opsig verslae, verslaan en verneder is, nie noodwendig die einde beteken nie.
- Politieke mag is nie noodsaaklik vir heropbou en samewerking nie - politieke mag is een van 'n staat/volk se magsbasisse. Gemeenskaplike doelwitte kan op ekonomiese-, sosiale en maatskaplike terreine oor politieke verskille en rasgrense heen nagestreef word.
- Militêre wyse van beslegting van geskille lewer nie altyd die verlangde resultate nie. Geweld is die impetus vir verdere geweld.

(Vervolg op p12)

Is die ABO vandag nog relevant? (verv)

- Armoede lei tot onsekerheid en kriminaliteit.
- Elke tydvak/situasie bring nuwe leiers na vore. Militêre leier soos generaal De Wet wat 'n gerespekteerde krygsheer was, moes na die oorlog terugstaan vir 'n nuwe generasie van leiers.
- Milner se beleid van Engels as onderrigtaal, het gelei tot die opbloeit van Afrikaanse letterkunde (Eugene Marais se *Winternag* (1905) en stigting asook Hollands/Afrikaanse skole, byvoorbeeld *Die Oranje Meisieskool* in Bloemfontein (1905) en die eerste *CNO Skool* in Transvaal (1910). Vandag lê daar 'n besondere las op ons as ouer geslag om ons trotse geskiedenis, met sy foute en al, aan ons nageslag oor te dra.
- Organisasies en kerke speel 'n besondere rol in die behoud van selfrespek en eiewaarde by heropbou en aanpassing by veranderde omstandighede. Helpmekaar, SAVF, OVV, ATKV, die AB die FAK, Erfenisstigting, asook Afriforum en Solidariteit, om net 'n paar te noem, speel 'n onskatbare rol - hulle word die stutte waarop 'n volkerferenis gebou word.

Ten slotte

Na die ABO was die Afrikaner op sy spreekwoordelike knieë en het dit Suid-Afrikaners meer as vyftien jaar geneem om weer na mekaar te draai en gemeenskaplike doelwitte na te streef. Teen 2017 het reeds drie en twintig jaar na die demokratiese verkiesing in Suid-Afrika verloop en die vraag is, of die Afrikaner met die ABO se lesse in gedagte, nuut gedink het, en die Afrikaner gevestig het as 'n onmisbare deel van Suid-Afrika?

Danie Goosen (FAK) het by geleentheid gesê *anders as die rewolusionêres van vandag, wat met die verlede wil wegdoen en eenvoudig klem plaas op die toekoms, soek die denkende rebel sowel die waarheid wat in die verlede opgesluit lê as in hoop op 'n nuwe toekoms. Beide is belangrik en in die sin het ons vandag die stem van de rebel nodig, meer as ooit.* ❖

Afrikaners moet getel word

Deur Jong Afrikaners van Paarl

Ons lees Oktober se AB Nuusbrief en die Woord deur die Voorsitter en sien sterk woorde uit die pen van 'n uiters gematigde persoon wat dit nie om dowe neutrale sal gebruik nie. Die woorde staan in skrilte kontras teenoor mekaar en daar is 'n kloof tussen in:

- Wanorde
- Rewolusie
- Burgeroorlog
- "Kill the boer" word vrylik geskreeu
- Sosialisme, Marxisme en boewery word gelate aanvaar
- Swaar tye
- Onrus
- Rassisme
- Plaasmoorde
- Vryemarkstelsel
- Nasiebou
- Borrelende talent
- Strewe na uitnemendheid
- Evolusie
- Vrede
- Voorspoed
- 'n Suksesvolle Suid-Afrika

Hoe oorbrug ons hierdie kloof prakties en daadwerklik voor dit te laat is? Ons moet saam met hom vra: "Waarheen is ons oppad?" Is 'n kultuurorganisasie die antwoord in 'n tyd van nood?

Daar word ook voorstelle gemaak:

- Verantwoordelike Afrikaners sal moet ontstaan om getel te word
- Ons moet uitbeweeg uit die newels en grysheid van oordadige politieke korrektheid
- Ons sal moet ruggraat gee aan onsekere aspekte en ophou om boewery gelate te aanvaar

Ons moet prakties raak en uitwerk hoe om dit te doen.

Op 25 Oktober, na die derde plaasaanval op Stellenbosch sê 'n 23-jarige vriend die volgende: *"Die tyd is verby dat ons moet wag vir ander om die werk te doen. Dit is tyd om op te staan. Te veel goed gebeur nou gelyk wat die Afrikaner onderdruk. Ons het die laaste bastion vir hoër Afrikaanse onderrig verloor, volgende is skole. Rasgedrewe arbeidswetgewing hou ons uit werke uit. Ons geskiedenis en erfenis word gedemoni-*

(Vervolg op p13)

Afrikaners moet getel word (verv)

seer. Boere word op plase uitgemeor en geen haan kraai daarna nie. Iemand moet nie vir my sê dat dieselfde volk wat die eens die magtige Britse ryk tot op sy knieë gedwing het nou net gaan terugsit en kyk hoe hy deur apatie en goedkoop indoktrinering uitgewis word nie. Ons is nou goed gatvol”

Die ANC as Bevrydingsorganisasie kon nie hulself bevry sonder om ander van vryheid te beroof nie. Wat moet ons doen sodat almal in SA gelyk vry kan voel?

Die 50% in die land wat nie die ANC steun nie is ook keelvol en die 50% wat wel nog die ANC ondersteun is meer verdeel as ooit tevore. Beheer is dalk in 'n sekere “minderheid” se hande.

Dit is 'n geleentheid om uit te reik en die opposisie te verenig deur te fokus op gedeelde belange. Dit is dalk ook die tyd vir die Afrikaner om op te hou sê “moenie met ons mors nie” en dit te wys. Almal wil iets doen en ons gaan binnekort met nog meer mishopies sit waar individue wil koning kraai. Emosies is hoog en dit kan gebruik word om

1. mense op grondvlak te mobiliseer en
2. mense op 'n hoë vlak te laat saamwerk.

Kan ons dit doen?

Volgens ons is die antwoord op die Voorsitter se Vraag of ons 'n mes of 'n vurk is eenvoudig. Ons is tans nie een nie, dit laat ons met die besondere voorreg en verantwoordelikheid om te kies. Soos wat ons die stuk van die Voorsitter in die Oktober nuusbrief gelees het, word ons dadelik herinner aan die woorde van Sir Arthur Conan Doyle.

“Take a community of Dutchmen of the type of those who defended themselves for fifty years against all the power of Spain at a time when Spain was the greatest power in the world. Intermix with them a strain of those inflexible French Huguenots who gave up home and fortune and left their country for ever at the time of the revocation of the Edict of Nantes. This product must obviously be one of the most rugged, virile, unconquerable races ever seen upon earth. Take this formidable people and train them for seven generations in constant warfare against savage men and ferocious beasts, in circumstances under which no weakling could survive, place them so that they acquire exceptional skill with weapons and in horsemanship, give them a country which is eminently suited to the tactics of the huntsmen, and the rider. Then, finally put a finer temper upon their military qualities by a dour fatalistic Old Testament religion an ardent and consuming patriotism. Combine all these qualities and all these impulses in one individual, and you have the modern Boer – the most formidable antagonist who ever crossed the path of Imperial Britain.”

Is ons nog die selfde volk as hierbo beskryf, of het ons verval tot swakkelinge wat omrol en pens wys?

Kom ons noem 'n perd 'n perd. Maak nie saak wie die leierskap van die regerende party oorneem nie, die krisis gaan voortsleep. Boere gaan vermoor word, grondhervorming se wiele gaan vinniger draai, nog meer Afrikaanse instellings gaan die graf tegemoet. Die regerende party gaan geensins na die Afrikaner omsien nie.

Maak nie saak wie die leierskap van die regerende party oorneem nie, die krisis gaan voortsleep. Die regerende party gaan geensins na die Afrikaner omsien nie.

Ons insiens het ons een van twee opsies, ons kies om 'n vurk te wees en laat die chaos onversteurd voortgaan, of, ons kies om 'n mes te wees en op te tree. Hierdie optrede beteken geensins wapen opneming nie. Hierdie optrede behels dat ons alles in ons vermoë doen om ons beeldskone land voor te berei.

Soos in enige konflik, soos die waarin ons nou is, moet ons eers bepaal waar ons staan met eie magte en alliansies. Ons is van mening dat ons vennote moet soek wat almal keelvol is vir moord, korrupsie, diefstal, rassehaat ensovoorts. Die Afrikanerbond sit met die voorreg

om die kans aan te gryp en leierskap te neem.

Indien ons nie nou optree nie gaan ons sit en kyk hoe die land voor ons oë in absolute chaos ontvou. Indien jy skepties is, gaan kyk na die ander Afrika lande wat ook deur 'n fase gegaan het soos wat ons tans beleef. Niemand anders gaan namens ons optree nie. Ons het die diplomatieke pad probeer, maar dit verg 'n gesprek. Afrikaners word nie meer na daardie gesprek genooi nie, so kom ons nooi onself.

(Vervolg op p14)

Afrikaners moet getel word (verv)

Die tyd het aangebreek dat ons in die voetspore van ons voorvaders trap, dit is tyd om die Afrikaner spiere te bult. Maar ons sal moet slim en strategies te werk gaan, ons kan nie hierdie stryd in isolasie aanpak nie, anders gaan ons weer eens die uitgeworpenes wees.

Ons as Afrikaners is nie gemaak om op plase uitgemeor te word soos 'n slagdier nie. Ons as Afrikaners is nie gemaak om sonder stryd ons Taal weg te gee nie. Ons as Afrikaners is nie gemaak om soos 'n gasbehandel te word in 'n land wat ons help opbou het nie. Ons as Afrikaners, is nie swakkeling nie. Ons is dis nie vurke nie, ons kies om 'n mes te wees. ❖

#StopSkoleKaping - Reageer op Wysigingswetsontwerp

'n Dringende beroep word op lede en afdelings gedoen om aktief deel te neem aan die poging om kommentaar, en insette te lewer op die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys. Die sperdatum vir die indiening van kommentaar is 10 November 2017. Indien u meer inligting verlang, stuur gerus 'n e-pos na kommentaar@abond.co.za

Samevatting en Verkorte weergawe van insette deur Fedsas -

Die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys het tot groot konsternasie in die onderwyssektor gelei. Die voorgestelde wysigings is onder meer daarop gemik om sekere funksies van skoolbeheerliggame in te perk, insluitend aanbevelings oor sekere aanstellings, toelatings- en taalbeleid, asook bepaalde finansiële funksies.

Waaroor die bohaai? Indien iets nie werk nie, moet daar tog sekerlik daadwerklik opgetree word, en tans funksioneer net 20% van die land se 23 719 openbare skole goed. By hierdie openbare skole is nagenoeg 285 000 beheerliggaamlede wat so belangrik is dat dit in 'n Konstitusionele Hof-uitspraak beskryf is as 'n "baken van voetsoolvlak-demokrasie".

Maar dit is juis waar die groot kopkrap begin – weinig van die 46 klousules in die voorgestelde wet gaan e-nigsins die werklike probleme in die stelsel aanpak. Intendeel, dit gaan die handjiewol toppresterende skole eenvoudig kelder. Staatsbeheer wat teen demokrasie indruis – dit is die kenmerk van die genoemde wysigingswetsontwerp wat op 13 Oktober vanjaar deur die Minister van Basiese Onderwys vir kommentaar afgekondig is. Die wetsontwerp is onder meer daarop gemik om sekere funksies van skoolbeheerliggame in te perk, insluitend aanbevelings oor sekere aanstellings, toelatings- en taalbeleid, asook bepaalde finansiële funksies.

Die voorgestelde wysigings neem ons terug na 'n model waar die staat beheer het oor alles. Dit druis loodreg in teen die beginsels van openbare skole en demokrasie in die algemeen en gaan geensins daartoe bydra om die gehalte van onderwys in die land te verhoog nie. Die teendeel gaan eerder realiseer. Die wysigings maak direk inbreuk op ouers se inspraak in die onderrig van hul kinders en doen afstand van die sogenaamde vennootskap tussen die staat, opvoeders en ouers in dié verband

Die staat wil kortpad vat met moeilike uitdagings in skole en in plaas van moue oprol en regmaak wat verkeerd is, eerder poog om 100% van ons kinders in 20% van die land se funksionerende skole in te prop

Fedsas het reeds 'n veldtog op sosiale media geloods met die hutsmerk #StopSkoleKaping en #StopSchoolCapture. Ons beklemtoon dat die proses om wetswysigings aan te bring, 'n lang proses is wat van nou af so lank as een jaar kan duur. Hierdie is bloot die begin van die proses en dit wat in hierdie konsepwetsontwerp vervat is, is dus nog nie naastenby geldige en afdwingbare reg nie.

Dit is egter uiters belangrik dat ons almal aan die proses moet deelneem en die geleentheid moet benut wat ons nou gebied word om kommentaar te lewer." Die publiek het tot 10 November vanjaar om kommentaar lewer en Fedsas moedig alle Suid-Afrikaners aan om kommentaar te lewer. 'n Afskrif van die wetsontwerp is op Fedsas se webtuiste beskikbaar by www.fedsas.org.za onder die skakel vir "Wat is nuut?"

Lede wat wel insette wil stuur vir die Afrikanerbond se kommentaar kan dit doen voor 8 November 2018 ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190